# MODERNE PLATTELANDSE LEEFSTYL – *ontsnap-van-die-stad-styl*

Om te weet wat jy wil hê is ‘n tweesnydende swaard. Aan die een kant is jy doodseker. Aan die ander kant is dit makliker gesê as gedaan om te vind waarna jy op soek is – die perfekte woning in die perfekte landgoed – en dan jou droom te bou, baksteen vir baksteen.








Vir Albert Moffat, gerespekteerde kommersiële binneversierder wat bekend is vir sy avant-garde-styl, was dit geensins 'n uitdaging om 'n woning te vind wat aan al sy spesifikasies voldoen nie.

Albert het Lombardy Estate and Health Spa byna vyf jaar gelede vir die eerste maal gesien soos dit in die bemarkingsmedia uitgebeeld word – dus as 'n unieke argitektuur en leefstyl. Hy het gehou van wat hy sien (onder andere omdat dit geskep is deur die ontwikkelaars van die Oubaai-gholflandgoed naby Heroldsbaai, waar Albert reeds 'n huiseienaar was).

Albert sê hy het volle vertroue gestel in die ontwikkelaar (die Kharafi-groep). Danksy die nabyheid aan goeie skole en geriewe, was Lombardy Estate 'n uitstekende keuse. Die sekuriteit en natuurlike omgewing maak dit boonop die ideale plek om sy droomhuis te bou, sê Albert.

Die boustyl is buitengewoon. Die aansig en atmosfeer is gebaseer op meester- argitek Frank Lloyd Wright se Prairie-styl. Die wonings is die toonbeeld van ruimte, met oopplankamers wat na breë stoepe lei. Die reghoekige boustyl pas perfek by Lombardy Estate and Health Spa se pragtige, natuurlike tuinuitleg – met gevestigde tuine wat oor 7 hektaar strek; 15 hektaar vleiland en omgewingsvriendelike paadjies, sowel as 1,5 hektaar van mere en waterweë.

Albert en sy vrou, Michelle, het baie spesifieke idees in gedagte gehad en hulle was vasbeslote om die plattelandse ligging ten beste te benut. Hulle het besluit op 'n Frans-Suid-Afrikaanse styl. Met 'n vloeroppervlakte van 900 $m^2$, word die plattelandse atmosfeer versterk deur die oopplanstyl van die argitektuur. Daar is ook 'n 89 $m^2$-wynkelder met 'n tonnelgewelf-baksteenplafon, wat bydra om die eiendom veel meer as net nog 'n plattelandse woning te maak. Dit word 'n woning wat ontwerp is met vriende en familie in gedagte; met genoeg plek vir uitbreiding met verloop van tyd.

Om hulle te help om hul doel te bereik, het die Moffats Suzette Hammer van SBE Architects aangewys as die vaandeldraer van die beeld na buite, en Liezel Malan, stigter van Larger than Design, as hul voorkeur-binneversierder.

Liezel het gekies om moderne elemente in kombinasie met meer tradisionele kenmerke te gebruik. Die woning is gemeubileer met sagte linne en afwit houtmeubels. Koel, neutrale kleure is gekombineer met gordyne en drapeersels wat ontwerp is om tradisionele geblomde en gestreepte motiewe ten beste te laat vertoon.

Uit die staanspoor was die idee om die woning 'n huislike voorkoms te gee – onderbeklemtoon, maar tasbaar danksy die ligbruin, gespikkelde travertyn-vloerteëls en ligte groen-grys muurbedekking. Dit is 'n eenvoudige, dog stylvolle voorkoms.

Die Moffats het nie net 'n tuiste geskep wat ryk aan erfenis en gerief is nie – hulle het die oorhoofse visie van Lombardy Estate and Health Spa se ontwikkelaars 'n werklikheid gemaak. Hierdie visie het 'n moderne plattelandse leefstyl in die stad behels, waar gesinne 'n aktiewe leefstyl in 'n inspirerende omgewing kan geniet.

Die ontwikkelaars het ook gedroom van 'n 5-ster-hotel en -konferensiesentrum, 'n nuwetegnologie-sekuriteitstelsel, 'n verskeidenheid produk-aanbiedinge vir elkeen se smaak, en – laastens: 'n dagspa wat met die bestes ter wêreld kan meeding. Die Soulstice Day Spa Pretoria sal einde November sy deure open. Daar sal spesiale behandelings wees vir besoekers en huiseienaars soos Albert en Michelle. Hul belegging sal boonop selfs meer toeneem in waarde.






**Indien jy meer inligting oor Lombardy Estate and Health Spa verlang, kontak gerus vir Donovan Lallyett by 082 940 9265, Otto Pagel by 082 774 3755, Christo Steyn by 082 453 4304 of e-pos info@lombardyestate.co.za.**

LOMBARDY

ESTATE & HEALTH SPA

**www.lombardyestate.co.za**

**Meenthuise vanaf R975 000 | Boetiekhuise vanaf R2 850 000 | Erwe vanaf R900 000**
(Pryse korrek met ter perse gaan)

WWW.SBRMIRUS.COM_LB00040_A